(6) Indien enige openbare vakansiedag, wat 'n besoldigde openbare vakansiedag kragtens klousule 11 hiervan is, binne die tydperk van jaarlikse verlof val wat ingevolge subklousule (1) hiervan toegestaan word, moet een dag met volle besoldiging ten opsigte van elk sodanige vakansiedag by die verloftydperk aldus toegestaan, gevoeg word.

(7) Die jaarlikse verlofbesoldiging wat kragtens subklousule (1) hiervan verskuldig is, moet op of voor die laaste werkdag van die betrokke werknemer, voor die aanvang van sy jaarlikse verlof of diensbeëindiging, na gelang van die geval, betaal word.

(8) Vir die toepassing van hierdie klousule moet dit beskou word dat die uitdrukking „diens" enige tydperk of tydperke omvat waarin 'n werknemer—

(*a*) met verlof kragtens subklousule (1) hiervan afwesig is;

(*b*) van sy werk op las of op versoek van sy werkgewer afwesig is;

(*c*) vredesopleiding kragtens die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, soos gewysig, meemaak;

(*d*) met die toestemming van sy werkgewer of met siekteverlof of 'n bevalling afwesig is, wat in die algemeen hoogstens dertig dae in 'n jaar beloop, bereken van die datum af waarop die diens by 'n besondere werkgewer begin het.

11. Besoldigde openbare vakansiedae.

(1) Elke werkgewer moet aan elkeen van sy werknemers, uitgesonderd los werknemers, Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Paasmaandag, Setlaarsdag, Geloftedag en Kersdag as 'n besoldigde openbare vakansiedag toestaan en elke werknemer moet geregtig wees om ten opsigte van elk sodanige dag die daaglikse besoldiging te ontvang wat hy op die datum waarop sodanige besoldigde openbare vakansie val, ontvang het of wat hy geregtig was om te ontvang.

(2) Die besoldiging genoem in subklousules (1) en (3) hiervan, moet op die eerste betaaldag na elke besoldigde openbare vakansie of by diensbeëindiging van enige werknemer geskied, indien dit voor die betrokke betaaldag sou plaasvind.

(3) Ondanks die bepalings van subklousule (1) hiervan, kan 'n werknemer versoek of toegelaat word om op enige besoldigde openbare vakansiedag te werk. Ingeval 'n werknemer op enige besoldigde openbare vakansiedag werk, moet die volgende van toepassing wees:—

(*a*) 'n Werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, moet benewens die besoldiging genoem in subklousule (1) hiervan, ten opsigte van die tyd waarin gewerk is, minstens sy gewone besoldiging vir sodanige tydperk betaal word;

(*b*) 'n los werknemer moet minstens die volle dagloon waarop hy geregtig is, betaal word, en moet bo en behalwe dit minstens sy volle uurloon betaal word vir elke uur of gedeelte van 'n uur wat aldus gewerk is.

12. Korttyd.

Wanneer dit die bedoeling is om korttyd in te voer, moet 'n kennisgewing wat daardie feit vermeld, opvallend in die betrokke inrigting voor of op die dag onmiddellik voor die dag waarop sodanige korttyd begin, vertoon word.

13. Getalleverhouding.

(1) 'n Werkgewer moet 'n gekwalifiseerde skoonmaker, klerklike werknemer, faktuurklerk, blindstopper, ontvangdepotbediende of nasiener in diens hê voordat hy 'n ongekwalifiseerde skoonmaker, klerklike werknemer, faktuurklerk, blindstopper, ontvangdepotbediende of nasiener, na gelang van die geval, in diens kan neem, en hy moet minstens een gekwalifiseerde skoonmaker, klerklike werknemer, faktuurklerk, blindstopper, ontvangdepotbediende of nasiener in diens hê vir elke ongekwalifiseerde skoonmaker, klerklike werknemer, faktuurklerk, blindstopper, ontvangdepotbediende of nasiener wat onderskeidelik by hom in diens is.

(2) 'n Werkgewer moet 'n skoonmaker in diens hê voordat hy 'n vlekuithaler in diens kan neem, en hy moet minstens een skoonmaker in diens hê vir elke vier of gedeelte van vier vlekuithalers wat by hom in diens is.

(3) Vir die toepassing van hierdie klousule kan 'n werkgewer of sy fabrieksbestuurder wat geheel en al of wesenlik die pligte van 'n skoonmaker of onderhoudman of klerklike werknemer in sy inrigting verrig, as 'n skoonmaker of onderhoudman of gekwalifiseerde klerklike werknemer, na gelang van die geval, beskou word.

(4) 'n Ongekwalifiseerde skoonmaker, klerklike werknemer, faktuurklerk, blindstopper, ontvangdepotbediende of nasiener, wat minstens die besoldiging ontvang wat in subklousule 4 (1) onderskeidelik vir 'n gekwalifiseerde skoonmaker, klerklike werknemer, faktuurklerk, blindstopper, ontvangdepotbediende of nasiener voorgeskryf is, kan as 'n gekwalifiseerde skoonmaker, klerklike werknemer, faktuurklerk, blindstopper, ontvangdepotbediende of nasiener, na gelang van die geval, beskou word.

(5) An employer shall not employ more than six canvassers, Grade III, who shall operate from his factory only, but he may in addition thereto, or in substitution thereof, employ not more than two canvassers, Grade II, for each qualified receiving depot attendant employed by him; provided that where an employer's establishments do not include a factory he may employ not more than two canvassers, Grade II, for each qualified receiving depot attendant employed by him.

14. Overalls and Protective Clothing.

Every employer shall supply and maintain in good condition free of charge any overalls and/or protective clothing which he may require his employees to wear or which by any law or regulation he may be compelled to provide for his employees.

15. Prohibition of Employment of any Person under the Age of Fifteen Years.

An employer shall not employ any person under the age of fifteen years.

16. Premiums.

No payment shall be made to or accepted by an employer, either directly or indirectly, in respect of the employment or training of an employee.

17. Termination of Service.

(1) Not less than one week's notice in writing in the case of weekly paid employees nor less than one month's notice in the case of monthly paid employees, to take effect from the usual pay day of the employee, shall be given by an employer or employee of intention to terminate a contract of service; provided that this shall not affect—

(*a*) the right of an employer or employee to terminate the contract of service without notice for any good cause recognised by law as sufficient;

(*b*) any agreement between the employer and employee providing for a period of notice of equal duration on both sides and for longer than one week or month as the case may be, in which case such longer period of notice shall be given;

(*c*) the right of an employer to pay an employee his full wages for and in lieu of the period of notice prescribed in sub-clause (1) hereof, or as agreed upon in terms of paragraph (*b*) above;

(*d*) the right of an employee who is put on short-time for a period of not less than one week to terminate his employment without giving notice;

provided that in the case of an employee who has been employed by his employer for less than two consecutive weeks, 24 hours' notice may be given to terminate his contract of employment. Such notice to take effect from the time that it is given.

(2) (*a*) An employee dismissed, suspended or put on short-time during the currency of any period of notice given in terms of this Agreement shall receive full pay for such period of notice.

(*b*) An employee who deserts during the currency of any period of notice shall forfeit to his employer an amount equal to the wage he would have normally received for the unexpired period of notice.

(3) Where an employee is absent from work—

(*a*) on account of illness, accident or pregnancy; or

(*b*) on account of leave with the permission or at the request of the employer;

such employee may not be dismissed by reason of or during such absence, subject to the said period of absence not exceeding thirteen weeks, and the notice referred to in sub-clause (1) hereof shall not run concurrently with any period of such absence; provided that an employer may require an employee to produce a medical certificate in proof of any illness or accident when he returns to work.

(4) (*a*) In the event of an employer or employee failing to give the prescribed notice he shall pay or forfeit respectively—

(i) in the case of a weekly-paid employee an amount equal to one week's wages;

(ii) in the case of a monthly-paid employee an amount equal to one month's wages;

(iii) in the case of an employee who has completed less than two consecutive weeks' service an amount equal to one day's wages.

(*b*) When an agreement is entered into in terms of sub-clause (1) (*b*) hereof, the payment or forfeiture in lieu of notice shall be equal to the wage relative to the period of notice agreed upon.

(5) Notwithstanding anything to the contrary in this Agreement, should any money owing by an employer to an employee by way of wages, be insufficient to meet the full amount of forfeiture referred to in sub-clauses (2) and (3) hereof, the employer shall be entitled to retain such amount from other benefits (if any) which were in the process of accrual to such employee at the time of termination of his contract of employment.

For the purposes of this sub-clause any payment which may be due to an employee in terms of sub-clause 10 (3) of this Agreement, shall also be regarded as a benefit in the process of accrual.

(5) 'n Werkgewer mag hoogstens ses bestellingwerwers, graad II, wat slegs van uit sy fabriek moet optree, in diens neem, maar hy kan bo en behalwe dit, of in die plek daarvan, hoogstens twee bestellingwerwers, graad II, vir elke gekwalifiseerde ontvangdepotbediende, wat by hom in diens is, in diens neem; met dien verstande dat indien 'n werkgewer se inrigting nie 'n fabriek omvat nie, hy hoogstens twee bestellingwerwers, graad II, vir elke gekwalifiseerde ontvangdepotbediende, wat by hom in diens is, in diens kan neem.

14. Oorpakke en beskermende klere.

Elke werkgewer moet alle oorpakke en/of beskermende klere, wat hy sy werknemers gelas om te dra of wat hy regtens of kragtens regulasie aan sy werknemers moet verskaf, kosteloos voorsien en in goeie toestand onderhou.

15. Verbod op indiensneming van persone onder die ouderdom van vyftien jaar.

Geen werkgewer mag 'n persoon onder die ouderdom van vyftien jaar in diens hê nie.

16. Premies.

Geen betaling mag òf regstreeks òf onregstreeks aan 'n werkgewer geskied of deur hom ten opsigte van die indiensneming of opleiding van 'n werknemer aangeneem word nie.

17. Diensbeëindiging.

(1) Minstens een week skriftelike kennisgewing in die geval van weekliks besoldigde werknemers of minstens een maand kennisgewing in die geval van maandeliks besoldigde werknemers, om van die gewone betaaldag van die werknemer af in werking te tree, moet deur 'n werkgewer of werknemer gegee word van sy voorneme om 'n dienskontrak te beëindig; met dien verstande dat dit nie die volgende moet raak nie:—

(*a*) Die reg van 'n werkgewer of werknemer om die dienskontrak sonder kennisgewing om enige goeie rede, wat wetlik as voldoende beskou word, te beëindig;

(*b*) enige ooreenkoms tussen die werkgewer en werknemer, wat voorsiening maak vir 'n tydperk van kennisgewing van gelyke duur aan beide kante en vir langer as een week of maand, na gelang van die geval, en in so 'n geval moet sodanige langer tydperk van kennisgewing gegee word;

(*c*) die reg van 'n werkgewer om 'n werknemer sy volle loon vir en in plaas van die tydperk van kennisgewing, wat in subklousule (1) hiervan voorgeskryf is, of soos kragtens paragraaf (*b*) hierbo ooreengekom is, te betaal;

(*d*) die reg van 'n werknemer, wat vir 'n tydperk van minstens een week op korttyd geplaas word, om sy diens sonder kennisgewing te beëindig;

met dien verstande dat in die geval van 'n werknemer wat minder as twee agtereenvolgende weke by sy werkgewer in diens was, 24 uur kennis gegee kan word om sy dienskontrak te beëindig. Sodanige kennisgewing moet in werking tree van die datum af waarop dit gegee word.

(2) (*a*) 'n Werknemer wat gedurende die looptyd van enige tydperk van kennisgewing gegee kragtens hierdie Ooreenkoms afgedank, geskors of op korttyd geplaas is, moet vir so 'n tydperk van kennisgewing volle besoldiging ontvang.

(*b*) 'n Werknemer wat gedurende die looptyd van enige tydperk van kennisgewing dros, verbeur aan sy werkgewer 'n bedrag wat gelykstaan met die besoldiging wat hy gewoonweg vir die onverstreke tydperk van kennisgewing sou ontvang het.

(3) Indien 'n werknemer van sy werk afwesig is—

(*a*) vanweë siekte, ongeval of swangerskap; of

(*b*) vanweë verlof met die toestemming of op versoek van die werkgewer;

mag so 'n werknemer nie weens of tydens so 'n afwesigheid afgedank word nie, onderworpe daaraan dat die genoemde tydperk van afwesigheid nie dertien weke oorskry nie, en die kennisgewing genoem in subklousule (1) hiervan, moet nie met enige tydperk van so 'n afwesigheid saamval nie; met dien verstande dat 'n werkgewer van 'n werknemer kan eis om 'n doktersertifikaat as bewys van 'n siekte of ongeval te toon wanneer hy na die werk terugkeer.

(4) (*a*) Ingeval 'n werkgewer of werknemer in gebreke bly om die voorgeskrewe kennis te gee, moet hy onderskeidelik die volgende betaal of verbeur:—

(i) In die geval van 'n weekliks besoldigde werknemer, 'n bedrag gelyk aan een week se besoldiging;

(ii) in die geval van 'n maandeliks besoldigde werknemer, 'n bedrag gelyk aan een maand se besoldiging;

(iii) in die geval van 'n werknemer wat minder as twee agtereenvolgende weke diens voltooi het, 'n bedrag gelyk aan een dag se besoldiging.

(*b*) Wanneer 'n ooreenkoms aangegaan word ingevolge subklousule 1 (*b*) hiervan, moet die betaling of verbeuring in plaas van kennisgewing gelykstaan met die loon met betrekking tot die tydperk van kennisgewing waaroor ooreengekom is.

(5) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms, is die werkgewer, indien enige geld wat die werkgewer in die vorm van lone aan 'n werknemer skuld, ontoereikend is om die volle verbeurde bedrag te dek, wat in subklousules (2) en (3) hiervan genoem is, geregtig om sodanige bedrae van ander voordele (as daar is), wat ten gunste van die werknemer ten tyde van die beëindiging van sy dienskontrak aan die oploop was, te behou.

Vir die toepassing van hierdie subklousule moet enige bedrag, wat kragtens subklousule 10 (3) van hierdie Ooreenkoms aan 'n werknemer verskuldig is, ook beskou word as 'n voordeel wat aan die oploop was.

18. INCENTIVE BONUS.

(1) (*a*) In any laundry, dry cleaning or dying establishment in which an employer introduces an incentive bonus system there shall be set up a committee for each department concerned (hereinafter called a departmental committee) consisting of four representatives elected by the employees in the department concerned together with the employer to frame a supplementary wage statement for that department. The employee members shall be entitled to the assistance of an official or other representative of the trade union.

(*b*) Where at the date of coming into operation of this Agreement an incentive bonus scheme is in existence, but no departmental committee has been formed, the employer shall within thirty days thereof form such a committee in terms of sub-clause (*a*) hereof.

(2) (*a*) Bonus payments shall be additional to the minimum rates of pay prescribed in clause 4 of this Agreement.

(*b*) Employees shall be fully informed of the output or takings of an individual or group of employees necessary to qualify for bonus and tables of minimum standards shall be displayed in the establishment in as much detail as possible.

(*c*) The departmental committee referred to in sub-clause (1) hereof shall assist the employer in all matters relating to the smooth working of an incentive plan.

(*d*) Subject to the provisions of clause 5 (2) of the Agreement, bonus earnings shall be paid at regular intervals to be determined by the departmental committee concerned.

(*e*) No variation of the bonus rate shall be permitted except by consent of the departmental committees concerned; provided that within a period of three months after introduction of an incentive bonus scheme the employer may, after informing the departmental committee, make such changes as are resigned to render the operation of the scheme more equitable.

(3) In relation to an incentive scheme involving employees other than canvassers, Grade I or Grade II, or receiving depot attendants, the following shall apply:—

(*a*) Bonus rates shall be determined on such basis as will permit an employee of average capacity to earn at least twenty per cent more than the minimum basic wage prescribed for an employee of the category concerned;

(*b*) bonus groups shall consist of workers engaged in similar occupations or on operations which must be combined to complete a particular stage of processing;

(*c*) bonus shall be proportional to output above an agreed minimum for each operation or combination of operations;

(*d*) bonus earnings for employees forming any group shall bear the same proportion to the group bonus as the hours attended by the individual at his post bears to the total hours similarly recorded for all employees in that group;

(*e*) where the bonus is calculated on hourly performance, no employee shall be penalised for idle time resulting from causes beyond his control. Such idle time shall not be included in the total of hours worked used in the calculation of bonus but shall form portion of the aggregate number of ordinary hours worked;

(*f*) bonus payments shall only be made in respect of output which conforms to the standards of quality laid down by the employer, and employees shall not be credited with output which does not conform to such standards;

(*g*) in the calculation of the standard time for each operation by time study methods, suitable allowances shall be made for quality standards, fatigue and working conditions. Standard times so fixed shall not be amended unless altered processing methods warrant such a change;

(*h*) supervising personnel, other than managers or foremen, shall receive a bonus not less than the average bonus received by the employees whose output they supervise.

19. LOG-BOOK.

(1) Every employer shall provide each canvasser Grade I and/or driver of a vehicle in his employ with a log-book as per Annexure B to this Agreement.

(2) (*a*) Every canvasser Grade I and/or driver of a vehicle upon being provided with the log-book referred to in sub-clause (1) shall keep the said daily log in duplicate as nearly as practicable in the form prescribed, in respect of each day's work, and shall, within twenty-four hours of the completion of the day's work to which it relates, deliver a duplicate copy thereof to his employer.

(*b*) All canvassers and/or drivers shall record truthfully and accurately the number of hours actually worked by them and the times during which work was delayed or suspended, together with full particulars of the cause for such delay or suspension.

18. AANSPORINGSBONUS.

(1) (*a*) In enige was-, droogskoonmaak- of kleurinrigting waarin 'n werkgewer 'n aansporingsbonusstelsel invoer, moet daar vir elke betrokke departement 'n komitee in die lewe geroep word (hieronder 'n departementele komitee genoem) bestaande uit vier verteenwoordigers wat deur die werknemers in die betrokke departement tesame met die werkgewer verkies is om 'n aanvullende loonstaat vir daardie departement te formuleer. Die werknemerlede moet op die hulp van 'n beampte of ander verteenwoordiger van die vakvereniging geregtig wees.

(*b*) Indien 'n aansporingsbonusskema op die datum van die inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms bestaan, maar geen departementele komitee gestig is nie, moet die werkgewer binne dertig dae daarvan so 'n komitee kragtens subklousule (*a*) hiervan stig.

(2) (*a*) Bonusbetalings moet addisioneel wees by die minimum loonskale, wat in klousule 4 van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is

(*b*) Werknemers moet ten volle op hoogte van sake gehou word in verband met die opbrengs of ontvangste van 'n indiwidu of groep werknemers wat nodig is om vir bonus in aanmerking te kom, en tabelle van minimum standaarde moet in die inrigting, met so veel besonderhede moontlik, vertoon word.

(*c*) Die departementele komitee, genoem in subklousule (1) hiervan, moet die werkgewer in alle sake betreffende die gladde werking van 'n aansporingsplan help.

(*d*) Onderworpe aan die bepalings van klousule 5 (2) van die Ooreenkoms, moet bonusverdienste op gereelde tussenpouses, wat deur die betrokke departementele komitee bepaal moet word, betaal word.

(*e*) Geen verandering van die bonusskaal moet toegelaat word nie, uitgesonderd met toestemming van die betrokke departementele komitees; met dien verstande dat binne 'n tydperk van drie maande na die invoering van 'n aansporingsbonusskema, die werkgewer, nadat hy die departementele komitee daarvan verwittig het, sodanige wysigings kan aanbring wat bereken is om die werking van die skema billiker te maak.

(3) Met betrekking tot 'n aansporingskema waarby werknemers, uitgesonderd bestellingwerwers, graad I of graad II, of ontvangdepotbediendes betrokke is, moet die onderstaande van toepassing wees:—

(*a*) Bonusskale moet op sodanige basis bepaal word as wat 'n werknemer van gemiddelde vermoë in staat sal stel om minstens twintig persent meer as die minimum basiese loon te verdien wat vir 'n werknemer van die betrokke klas voorgeskryf is;

(*b*) bonusgroepe moet uit werkers bestaan in soortgelyke bedrywe of werksaamhede wat saamgesmelt moet word om 'n besondere stadium van prosesbehandeling te voltooi;

(*c*) bonus moet in verhouding wees tot die opbrengs bo 'n ooreengekome minimum vir elke werksaamheid of kombinasie werksaamhede;

(*d*) bonusverdienste vir werknemers wat enige groep vorm, moet in dieselfde verhouding tot die groepbonus wees as wat die ure, wat 'n indiwidu op sy pos deurgebring het, tot die totale ure is, wat op dieselfde manier vir alle werknemers in daardie groep aangeteken is;

(*e*) indien die bonus op werk per uur bereken word, mag geen werknemer vir ledige tyd, as gevolg van oorsake waaroor hy nie beheer het, gepenaliseer word nie. Sodanige ledige tyd moet nie in die totale aantal ure gewerk, wat aangewend word om die bonus te bereken, ingesluit word nie, maar moet deel van die totale aantal gewone ure uitmaak wat gewerk is;

(*f*) bonusbetalings moet slegs ten opsigte van opbrengs geskied wat met die standaarde van kwaliteit, deur die werkgewer bepaal, ooreenkom, en werknemers moet nie met produksie gekrediteer word wat nie met sulke standaarde ooreenkom nie;

(*g*) by die berekening van die standaardtyd vir elke werksaamheid deur middel van tydstudiemetodes, moet behoorlik toegelaat word vir kwaliteitstandaarde, vermoeidheid en werktoestande en standaardtye aldus vasgestel moet nie gewysig word nie, tensy veranderde metodes van prosesbehandeling so 'n verandering regverdig;

(*h*) toesighoudende personeel, uitgesonderd bestuurders of voormanne, moet 'n bonus van minstens die gemiddelde bonus ontvang wat die werknemers ontvang oor wie se produksie hulle toesig hou.

19. LOGBOEKE.

(1) Elke werkgewer moet elke bestellingwerwer, graad I, en/of voertuigbestuurder in sy diens van 'n logboek in die vorm van Aanhangsel B van hierdie Ooreenkoms voorsien.

(2) (*a*) Elke bestellingwerwer, graad I, en/of voertuigbestuurder moet, nadat hy voorsien is van die logboek, genoem in subklousule (1), die genoemde daaglikse log in duplikaat so na as moontlik in die voorgeskrewe vorm ten opsigte van elke dagtaak byhou, en moet binne vier-en-twintig uur na die voltooiing van die dagtaak, waarop dit betrekking het, 'n duplikaatkopie daarvan aan sy werkgewer besorg;

(*b*) Alle bestellingwerwers en/of bestuurders moet eerlik en presies die getal ure aanstip, wat werklik deur hulle gewerk is, asook die tye waarin werk vertraag of opgeskort is, tesame met volle besonderhede in verband met die oorsaak van so 'n vertraging of opskorting.

(3) Every employer shall complete and shall retain a duplicate copy of the daily log, which in terms of sub-clause (2) hereof has been delivered to him, for a period of three years subsequent to the events recorded.

(4) Provided that where times of commencing and finishing work are recorded mechanically, the provisions of sub-clauses (1), (2) and (3) hereof shall not apply.

20. Written Authority for Canvassers.

Every canvasser, Grade I or Grade II, engaged in the inviting, soliciting or canvassing of articles to be laundered, dry cleaned or dyed, or in delivery of such articles after processing shall at all times be in possession of a certificate of authority in the form of Annexure C to this Agreement, signed by his employer.

21. Insurance of Wages in Case of Fire.

Every employer shall insure with a registered insurance company to provide for the payment to his employees who are deprived of work through fire, one week's wages for weekly-paid employees, and one month's wages for monthly-paid employees; provided that, should the stoppage of work be for a period of less than one week or less than one month, as the case may be, payment for such period is provided for.

22. Records to be Kept by Employers.

(1) Every employer shall at all times keep the following records written in ink:—

(*a*) A time and wage register in terms of section *fifty-seven* of, and regulations under the Act;

(*b*) an employment register in the form of Annexure D to this Agreement;

(*c*) an annual leave pay register in the form of Annexure E to this Agreement.

(2) Every employer of one or more canvassers, Grade II, shall keep in the receiving depot or factory from which such canvassers, Grade II, normally operate a record of all orders brought in by such canvassers, grade II. Such record shall show—

(*a*) identification of establishment;

(*b*) date of each week ended;

(*c*) name of canvasser, Grade II;

(*d*) the value of the orders for articles to be laundered, dry cleaned or dyed brought in by him during the week concerned;

(*e*) the rate of commission payable.

(3) Every employer shall retain the records prescribed in sub-clauses (1) and (2) hereof for a period of three years subsequent to the occurence of the events recorded, and these records shall be kept available for inspection at any time within that period.

23. Exhibition of Agreement.

Every employer shall keep a legible copy of this Agreement in both official languages in the form prescribed in the regulations under the Act, exhibited in each of his establishments, including receiving depots, but excluding vehicles, in a place readily accessible to his employees.

24. Purchase of Goods.

An employer shall not require his employees to purchase any goods from him or from any shop or person nominated by him.

25. Employees not Specified.

Notwithstanding that certain categories of work may not have been specified in this Agreement, all relevant provisions of this Agreement shall apply to the conditions of service of such employees.

26. Ultra Vires.

Should any provision of this Agreement be declared ultra vires by any competent court of law, the remaining provisions of this Agreement shall be deemed to be the Agreement and shall remain in force for the unexpired period of this Agreement.

27. Sick Leave.

(1) An employer shall grant to his employee after one month's employment with him and who is absent from work through sickness or accident not caused by his own misconduct, other than an accident compensable under the Workmen's Compensation Act, 1941, as amended—

(*a*) in the case of an employee who works a six-day week, twelve work days; and

(*b*) in the case of an employee who works a five-day week, ten work days;

sick leave in the aggregate during any one year of employment with him and shall pay to him in respect of each day thereof an amount not less than—

(i) in the case of an employee who works a six-day week, one-sixth; and

(ii) in the case of an employee who works a five-day week, one fifth;

(3) Elke werkgewer moet 'n kopie voltooi en 'n duplikaatkopie van die daaglikse log, wat kragtens subklousule (2) hiervan aan hom besorg is, vir 'n tydperk van drie jaar na die aangestipte voorvalle bewaar.

(4) Met dien verstande dat indien aanvangs- en sluitingstye meganies aangeteken word, die bepalings van subklousules (1), (2) en (3) hiervan nie van toepassing moet wees nie.

20. Skriftelike magtiging vir bestellingwerwers.

Elke bestellingwerwer, graad I of graad II, wat goedere wat gewas, droogskoongemaak of gekleur moet word, vra, sollisiteer of werf, of sodanige artikels na die prosesbehandeling aflewer, moet te alle tye in besit van 'n magtigingsertifikaat wees in die vorm van Aanhangsel C van hierdie Ooreenkoms, deur sy werkgewer onderteken.

21. Versekering van lone ingeval van brand.

Elke werkgewer moet by 'n geregistreerde versekeringsmaatskappy verseker om voorsiening te maak vir die betaling aan sy werknemers, wat hul werk weens brand kwyt is, van een week se besoldiging vir weekliks besoldigde werknemers, en een maand se besoldiging vir maandeliks besoldigde werknemers; met dien verstande dat indien die werkstilstand minder as een week of minder as een maand sou wees, na gelang van die geval, daar vir die betaling van sodanige tydperk voorsiening gemaak word.

22. Registers wat werkgewers moet byhou.

(1) Elke werkgewer moet te alle tye die volgende registers, wat met ink geskryf moet word, byhou:—

(*a*) 'n Tyd- en loonregister kragtens artikel *sewe-en-vyftig* van, en regulasies kragtens die Wet;

(*b*) 'n diensregister in die vorm van Aanhangsel D van hierdie Ooreenkoms;

(*c*) 'n jaarlikse register vir verlofbesoldiging in die vorm van Aanhangsel E van hierdie Ooreenkoms.

(2) Elke werkgewer van een of meer bestellingwerwers, graad II, moet in die ontvangdepot of fabriek, waaruit sodanige bestellingwerwers, graad II, gewoonlik optree, 'n register byhou van alle bestellings wat deur sulke bestellingwerwers, graad II, ingelewer word. Sodanige registers moet die volgende aantoon:—

(*a*) Aanduiding van inrigting;

(*b*) datum waarop elke week geëindig het;

(*c*) naam van bestellingwerwer, graad II;

(*d*) die waarde van die bestellings van artikels wat gewas, droogskoongemaak of gekleur moet word, wat deur hom gedurende die betrokke week ingelewer is;

(*e*) die kommissieskaal wat betaalbaar is.

(3) Elke werkgewer moet die registers wat in subklousules (1) en (2) hiervan voorgeskryf word, vir 'n tydperk van drie jaar hou na die gebeurtenisse wat daarin opgeteken is, en hierdie registers moet te eniger tyd gedurende daardie tyd beskikbaar vir inspeksie wees.

23. Vertoning van Ooreenkoms.

Elke werkgewer moet in elkeen van sy inrigtings, wat ontvangdepots omvat maar nie voertuie nie, op 'n plek wat vir sy werknemers maklik toeganklik is, 'n leesbare kopie van hierdie Ooreenkoms in albei amptelike tale, vertoon hou in die vorm wat by regulasie kragtens die Wet voorgeskryf word.

24. Koop van goedere.

'n Werkgewer mag nie sy werknemers verplig om enige goedere van hom of van enige winkel of persoon, wat deur hom aangewys is, te koop nie.

25. Werknemers nie gespesifiseer nie.

Ondanks die feit dat sekere kategorieë werk nie in hierdie Ooreenkoms gespesifiseer is nie, is alle toepaslike bepalings van hierdie Ooreenkoms van toepassing op die diensvoorwaardes van sodanige werknemers.

26. Ultra vires.

Indien enigeen van die bepalings van hierdie Ooreenkoms deur enige bevoegde geregshof *ultra vires* verklaar word, moet die oorblywende bepalings van hierdie Ooreenkoms as die Ooreenkoms beskou word en moet vir die onverstreke tydperk van hierdie Ooreenkoms van krag bly.

27. Siekteverlof.

(1) As 'n werknemer, nadat hy een maand by 'n werkgewer in diens is, van die werk afwesig is weens siekte of 'n ongeluk wat nie deur sy eie wangedrag veroorsaak is nie (uitgesonderd 'n ongeluk ten opsigte waarvan daar 'n reg op skadeloosstelling ingevolge die Ongevallewet, 1941, soos gewysig, bestaan), moet die werkgewer altesaam—

(*a*) 12 werkdae siekteverlof in die geval van 'n werknemer wat 'n sesdaagse week werk; en

(*b*) tien werkdae siekteverlof in die geval van 'n werknemer wat 'n vyfdaagse week werk;

in 'n jaar aan die werknemer toestaan, en besoldiging ten opsigte van elke dag daarvan aan hom betaal teen minstens—

(i) een-sesde in die geval van 'n werknemer wat 'n sesdaagse week werk; en

(ii) een-vyfde in die geval van 'n werknemer wat 'n vyfdaagse week werk;

of the weekly wage which he was receiving immediately before the commencement of such leave; provided that the employer may require the production of a certificate signed by a registered medical practitioner showing the nature and the probable duration of the employee's illness in respect of each period of absence for which payment is claimed; provided further that, where there exists in an establishment by virtue of an agreement between the employer and his employees or between an employer and a duly registered trade union, a sick benefit or provident fund to which the employer contributes in respect of each of his employees an amount not less than the amount payable by each such employee and out of which fund an employee is, in the case of absence from work on account of sickness or accident (other than an accident compensable under the Workmen's Compensation Act, 1941), as amended, entitled to receive in the aggregate in any one year not less than an amount equivalent to his full wages for two weeks in respect of such absence, the terms of this clause shall not apply.

(2) For the purpose of this clause the expression "employment" shall have the same meaning as in clause 10 (8).

ANNEXURES.

ANNEXURE A.

PAY ENVELOPE.

Name of employer_____
Name of employee_____
Occupation_____
Week ending_____ Basic wages_____

Wage for_____hours worked
Overtime for_____hours worked
Holiday pay for_____mths. worked

TOTAL.....
Less deductions:
U.I.F.....

NET AMOUNT DUE.

ANNEXURE B.

DAILY LOG SHEET.

PARTICULARS TO BE FILLED IN BY EMPLOYEES DAILY.

Day_____ Date_____
Names—
Name of Grade I Canvasser_____Route No._____
Name of Driver_____
Name of Vanboy_____Vehicle No._____

HOURS OF WORK.

	Canvasser (Grade I).	Driver.	Vanboy.
Starting time.....			
Finishing time.....			
Lunch interval.....			

Breakdowns (if any)_____
Date handed in to Firm's Office_____
Signature of Canvasser (Grade I)_____
Signature of Driver_____
Signature of Vanboy_____

FOR FIRM'S OFFICE USE ONLY.

Ordinary hours worked—
By Canvasser (Grade I)_____
By Driver_____
By Vanboy_____

Overtime hours worked— Overtime hourly rate—
By Canvasser (Grade I)_____ Canvasser (Grade I)_____
By Driver_____ Driver_____
By Vanboy_____ Vanboy_____

Signature of Employer or person authorised by him_____
Date checked_____

Failure by either the employer or employee to complete these sheets is a contravention which renders both the employer and employee liable to prosecution.

van die weekloon wat hy onmiddellik voor die aanvang van die verlof ontvang het; met dien verstande dat die werkgewer kan eis dat daar ten opsigte van elke tydperk van afwesigheid waarvoor besoldiging gevorder word 'n sertifikaat vertoon moet word wat deur 'n geregistreerde geneesheer, onderteken is en waarin die aard en vermoedelike duur van die werknemer se siekte vermeld word; voorts met dien verstande dat die bepalings van hierdie klousule nie van toepassing is nie wanneer daar in 'n inrigting, kragtens ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sommige van of al sy werknemers of tussen 'n werkgewer en 'n behoorlik geregistreerde vakvereniging, 'n siektebystandfonds of voorsorgfonds bestaan waartoe die werkgewer, ten opsigte van elkeen van sy werknemers 'n bedrag bydra wat minstens gelykstaan met die bedrag wat deur elkeen van daardie werknemers gestort moet word, en uit welke fonds 'n werknemer, ingeval van sy afwesigheid van werk weens siekte of 'n ongeluk (uitgesonderd 'n ongeluk ten opsigte waarvan daar 'n reg op skadeloosstelling ingevolge die Ongevallewet, 1941, soos gewysig, bestaan), geregtig is om in 'n jaar altesame 'n bedrag wat minstens met sy volle loon vir twee weke gelykstaan, te ontvang ten opsigte van die tyd wat hy aldus afwesig is.

(2) Die bepalings van klousule 10 (8), oor die betekenis van die uitdrukking „diens", geld ook by die toepassing van hierdie klousule.

AANHANGSELS.

AANHANGSEL A.

LOONKOEVERT.

Werkgewer se naam_____
Werknemer se naam_____
Vak_____
Week geëindig_____ Basiese loon_____

Loon vir_____uur gewerk
Oortyd vir_____uur gewerk
Verlofbetaling vir_____mde. gewerk

TOTAAL.....
Min kortings: .....
W.V.F.....

NETTO BEDRAG VERSKULDIG.

AANHANGSEL B.

DAAGLIKSE LOGBOEK.

BESONDERHEDE MOET DAAGLIKS DEUR WERKNEMER INGESKRYF WORD.

Dag_____ Datum_____
Name—
Naam van graad I-werwer_____Roete No._____
Naam van drywer_____
Naam van bestelwabediende_____Voertuig No._____

WERKURE.

	Werwer (graad I).	Drywer.	Bestelwabediende.
Begintyd.....			
Ophoutyd.....			
Etensuur.....			

Defek aan voertuig (as daar was)_____
Datum van inlewering by firma se kantoor_____
Handtekening van werwer (graad I)_____
Handtekening van drywer_____
Handtekening van bestelwabediende_____

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK.

Gewone ure gewerk—
Deur werwer (graad I)_____
Deur drywer_____
Deur bestelwabediende_____

Oortydure gewerk— Oortydskaal per uur—
Deur werwer (graad I)_____ Werwer (graad I)_____
Deur drywer_____ Drywer_____
Deur bestelwabediende_____ Bestelwabediende_____

Handtekening van werkgewer of persoon deur hom gemagtig_____
Datum nagegaan_____

Versuim deur of die werkgewer of die werknemer om hierdie state in te vul, is 'n misdryf wat sowel die werkgewer as die werknemer aan vervolging blootstel.

ANNEXURE C.

COLLECTOR'S CARD.

Depot address..... Phone.....

This permit authorises—

Collector.....

Pass No.....

to collect for above firm articles to be dry cleaned or laundered.

Employer's Signature.

Year..... Month. January. February. March.	Employer's Signature.	Month. April. May. June.	Employer's Signature.	Month. July. August. Sept.	Employer's Signature.	Month. Oct. Nov. Dec.	Employer's Signature.

N.B.—Months optional.

ANNEXURE D.

EMPLOYMENT REGISTER.

Name of Employee.	Pass No. (if any).	Date Engaged.	Occupation.	Rate of Pay.	Date of Termination of Service.	Remarks.

ANNEXURE E.

ANNUAL LEAVE PAY REGISTER.

Name of Employee.	Pass No. (if any).	Date Engaged.	Occupation.	Rate of Pay.	Date Leave Pay Due.	Date Leave Taken.	Amount of Leave Pay.	Remarks.

AANHANGSEL C.

INSAMELAAR SE KAART.

Depotadres..... Foon.....

Hierdie permit magtig—

Insamelaar.....

Pasnommer.....

om vir die bogenoemde firma goedere af te haal vir droogskoonmaak of was.

Werkgewer se handtekening.

Raad se ondertekening.

Jaar..... Maand. Januarie. Februarie. Maart.	Werkgewer se handtekening.	Maand. April. Mei. Junie.	Werkgewer se handtekening.	Maand. Julie. Augustus. Sept.	Werkgewer se handtekening.	Maand. Oktober. Nov. Des.	Werkgewer se handtekening.

LET WEL.—Maande na keuse.

AANHANGSEL D.

DIENSREGISTER.

Naam van werknemer.	Pasno. (as daar een is).	Datum in diens geneem.	Werk.	Loonskaal.	Datum waarop diens geëindig is.	Opmerkings.

AANHANGSEL E.

REGISTER VAN BETALING VIR JAARLIKSE VERLOF.

Naam van werknemer.	Pas-nommer (as daar een is).	Datum in diens geneem.	Werk.	Loon-skaal.	Verlof-besoldiging verskuldig op.	Verlof geneem op.	Bedrag van verlof-besoldi-ging.	Opmerkings.

E. L. J. VENTER,
Chairman.

H. STERN,
Representing the East Rand Launderers, Cleaners and Dyers' Association and Respondent Employers.

LEON LEVY,
Representing the National Union of Laundering, Cleaning and Dyeing Workers.

No. 639.] [3 May 1957.

WAR MEASURES ACT, 1940.

SUSPENSION OF PAYMENT OF COST OF LIVING ALLOWANCES PAYABLE UNDER WAR MEASURE No. 43 OF 1942, AS AMENDED.

LAUNDRY, DRY CLEANING AND DYEING TRADE, EAST RAND.

I, JOHANNES DE KLERK, Minister of Labour, acting in terms of sub-regulation (1) of regulation 4 of the regulations published under War Measure No. 43 of 1942, as amended, hereby suspend the operation of the said regulations to the following extent:—

(*a*) That no cost of living allowance shall be payable on the commission paid to canvassers, Grades I and II, in terms of clause 4 (1) (A) of the Agreement for the Laundry, Dry Cleaning and Dyeing Trade, East Rand, published under Government Notice No. 638 of the 3rd May, 1957; and

(*b*) that no cost of living allowance shall be payable on the remuneration paid to any person in terms of clause 18 of the Agreement for the Laundry, Dry Cleaning and Dyeing Trade, East Rand, published under Government Notice No. 638 of the 3rd May, 1957.

J. DE KLERK,
Minister of Labour.

No. 640.] [3 May 1957.

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941.

LAUNDRY, DRY CLEANING AND DYEING TRADE, EAST RAND.

I, JOHANNES DE KLERK, Minister of Labour, hereby, in terms of sub-section (1) of section *twenty-two* of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, declare the provisions of the Agreement and notice relating to the Laundry, Dry Cleaning and Dyeing Trade, published under Government Notice No. 638 of the 3rd May, 1957, to be not less favourable to the persons whose hours of work are regulated thereby than the relative provisions of the said Act.

J. DE KLERK,
Minister of Labour.

E. L. J. VENTER,
Voorsitter.

H. STERN,
Verteenwoordiger van East Rand Launderers', Cleaners' and Dyers' Association en Respondentwerkgewers.

LEON LEVY,
Verteenwoordiger van National Union of Laundering, Cleaning and Dyeing Workers.

No. 639.] [3 Mei 1957.

WET OP OORLOGSMAATREËLS, 1940.

OPSKORTING VAN BETALING VAN LEWENSKOSTETOELAE BETAALBAAR INGEVOLGE OORLOGSMAATREËL No. 43 VAN 1942, SOOS GEWYSIG.

WASSERY-, DROOGSKOONMAAK- EN KLEURBEDRYF, OOS-RAND.

Ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Arbeid, handelende kragtens die bepalings van subregulasie (1) van regulasie 4 van die regulasies gepubliseer by Oorlogsmaatreël No. 43 van 1942, soos gewysig, skort hierby die bepalings van genoemde regulasies op in die volgende mate:—

(*a*) dat geen lewenskostetoelae betaalbaar sal wees op die kommissie wat ingevolge klousule 4 (1) (A) van die Ooreenkoms vir die Wassery-, Droogskoonmaak- en Kleurbedryf, Oos-Rand, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 638 van 3 Mei 1957 aan bestellingwerwers, Grade I en II, betaal word nie.

(*b*) dat geen lewenskostetoelae betaalbaar sal wees op die besoldiging wat ingevolge klousule 18 van die Ooreenkoms vir die Wassery-, Droogskoonmaak- en Kleurbedryf, Oos-Rand, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 638 van 3 Mei 1957 aan enige persoon betaal word nie.

J. DE KLERK,
Minister van Arbeid.

No. 640.] [3 Mei 1957.

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941.

WASSERY-, DROOGSKOONMAAK- EN KLEURBEDRYF, OOS-RAND.

Ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Arbeid, handelende ingevolge subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, verklaar hierby dat die bepalings van die Ooreenkoms en kennisgewing in verband met die Wassery-, Droogskoonmaak- en Kleurbedryf, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 638 van 3 Mei 1957 vir die persone wie se werkure daarby gereël word, nie minder gunstig as die ooreenstemmende bepalings van die genoemde Wet is nie.

J. DE KLERK,
Minister van Arbeid.

IMPORTERS
EXPORTERS
INDUSTRIALISTS

subscribe to

This Journal embodies *inter alia* a monthly economic review (with statistics) of business and industrial conditions in the Union, the latest Departmental information on market possibilities for Union products in countries at present covered by the Union's Overseas Trade Representatives, lists of trade enquiries, items of industrial activity in the Union, the latest information on price and commodity control, most reports (unabridged) of the Board of Trade and Industries, and articles of a general nature in connection with commerce and industry

"COMMERCE & INDUSTRY"

The monthly Journal
of the Department of Commerce and Industries

SUBSCRIPTION: In the Union of S.A., S.W.A., Bechuanaland Protectorate, Swaziland, Basutoland, Southern and Northern Rhodesia, Mocambique, Angola, Belgian Congo, Nyassaland, Tanganyika, Kenya and Uganda—6d per copy or 5/- (7/6 elsewhere) per annum, payable in advance to The Government Printer, Pretoria

PUBLISHED IN BOTH OFFICIAL LANGUAGES

INVOERDERS
UITVOERDERS
NYWERAARS

teken in op

Hierdie tydskrif bevat o.a. 'n maandelikse ekonomiese oorsig (met statistiek) van besigheids- en nywerheidstoestande in die Unie, die jongste departementele inligting oor afsetmoontlikhede vir Unie-produkte in lande waar die Unie oorsese handelsverteenwoordigers het, lyste van handelsnavrae, besonderhede in verband met nywerheidsbedrywighede in die Unie, die jongste aspekte van prys- en voorraadebeheer, die meeste verslae (volledig) van die Raad van Handel en Nywerheid, en artikels van 'n algemene aard oor die handel en nywerheid

„HANDEL EN NYWERHEID"

Die maandblad
van die Departement van Handel en Nywerheid

INTEKENGELD: In die Unie van S.A., Suidwes-Afrika, Betsjoeanaland-Protektoraat, Swasieland, Basoetoland, Suid- en Noord-Rhodesie, Mosambiek, Angola, Belgiese Kongo, Niassaland, Tanganjika, Kenia en Oeganda teen 6d per eksemplaar, of teen 5/- per jaar (7/6 elders) vooruitbetaalbaar aan Die Staatsdrukker, Pretoria

VERSKYN IN ALBEI AMPTELIKE TALE

The Government Printer, Pretoria. | Die Staatsdrukker, Pretoria.